




AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Handboeklys



BCOM ONDERNEMINGSBESTUUR III

MODULE	BESONDERHEDE	VOORBLAD	*GESKATTE KOSTE
Ondernemingsbestuur 3 (GBM307)	Lazenby, J. 2017. <i>The Strategic Management Process: A South African Perspective</i> . 2 ^{de} uitgawe. Pretoria: Van Schaik. ISBN:9 780 6 270 3613 2		R505
Bestuur van Innovasie en Tegnologie (GIT307)	Tidd, J. & Bessant, J. 2013. <i>Managing Innovation: Integrating Technological, Market and Organizational Change</i> . 5 ^{de} Uitgawe. Verenigde Koninkryk: John Wiley and Sons Ltd. ISBN: 978 1 118 36063 7		R1 730



Internasionale Bestuur (GIM307)	<p><i>Die Connect aanlyn leersisteem sal deel vorm van GIM 307. Die Connect platform verleen toegang vir studente tot die e-boek sowel as alle aanlyn aktiwiteite. Studente wat 'n hardekopie handboek aankoop sal ook 'n Connect lisensie kode ontvang. Studente kan ook kies om slegs die Connect digitale platform met aanlyn e-boek te gebruik, deur 'n Connect lisensie aanlyn via die platform aan te koop. Instruksies rondom aanlyn aankope sal tydens oriëntering verskaf word. Navrae rondom die GIM 307 handboek: Sunel@akademia.ac.za</i></p>		R800
Volhoubaarheid en Verantwoordelike Burgerskap (GSR307)	<p>Hendrickse, J.W. & Hefer-Hendrickse, L. 2018. <i>Corporate Governance Handbook. Principles and Practice</i>. Kaapstad: Juta.</p> <p>ISBN: 978 1 485 12530 3</p>		R620



Voorsieningskettingbestuur (GSC307)	Monczka, R.M. 2016. <i>Purchasing and Supply Chain Management</i> . 6 ^{de} uitgawe. Boston, MA: Cengage Learning. ISBN: 978 1 285 86968 1		R880
Projekbestuur (GPM307)	<i>A Guide to the Project Management Body of Knowledge (PMBOK Guide)</i> . 5 ^{de} uitgawe. 2013. Pennsylvania: Project Management Institute, Inc.		Gratis skakel sal gestuur word via e-pos in die eerste week van Januarie 2019

Let wel: Die bogenoemde bedrae is slegs geskatte bedrae – pryse mag verskil.

Aankoop van handboeke

Daar word van die student verwag om **self** die handboeke aan te koop. Die student is welkom om self te besluit of 'n elektroniese of 'n gedrukte boek gekoop word.

Let daarop dat daar wagperiodes betrokke kan wees met die bestel van handboeke. Sorg asseblief dat jy vroegtydig jou handboeke aanskaf omdat dit reeds met kontakssessie 1 gebruik word.

Akademie boekwinkels

Die handboeke is beskikbaar by die volgende akademiese boekwinkels, alhoewel dit studente vrystaan om van ander boekwinkels gebruik te maak:

- **Credo Books**

Handboeke (plaaslike uitgewers) kan via e-pos by Credo Books bestel word.
info@credobooks.co.za / www.credobooks.co.za

- **Academiks**

Al die handboeke kan bestel word deur Anne Buys by Academiks.
anne@academiks.co.za

- **Van Schaik**

Sommige boeke by Van Schaik is as e-boeke beskikbaar. Hierdie boeke behoort dieselfde of minder te kos as die gedrukte boeke en is beskikbaar by www.vanschaik.com



- **Protea**

Besoek hulle webtuiste om die naaste Protea Boekwinkel in jou omgewing te identifiseer
www.proteaboekhuis.com

- **BookExpress (CIMA & ander handboeke)**

Besoek webtuiste vir boekwinkel se adres – www.bookexpress.co.za

E-pos: info@bookexpress.co.za

Tel: 011 726 8208 / 011 482 8433

SMS/Whatsapp: 084 444 5158

Engelse handboeke:

- Engelse handboeke is grootliks deesdae onvermydelik. Aangesien uitgewers en skrywers ingekoop het in die mite dat "alles Engels word" en aangesien Engels dus aangeneem word as die *lingua franca*, is ons by Akademia ook genoodsaak om Engelse handboeke aan ons studente voor te skryf. Aangesien gehalte onderrig en die student se deelnemende leer van uiterste belang vir ons akademië is, skryf ons ook nie net enige handboek voor nie – so sal ons ook nie net 'n handboek voorskryf omdat dit in Afrikaans is nie, maar doen ons akademië moeite om die beste, geskikte handboek wat ons studente ten beste deur die module gaan begelei om die verlangde leeruitkomst te bereik, te verkry.
- Akademia heg groot waarde aan moedertaalonderrig en is ons moedertaal Afrikaans. Dis die taal waarin ons leer, leef en interaksie met studente het. Dis ook die taal waarin ons basiese konsepte aan studente kan verduidelik. Die Afrikaanse student met 'n Engelse handboek het 'n mededingende voordeel bo 'n Engelssprekende student met 'n Engelse handboek. Ons studente kan nie net in "o ja" verval en die werk uit die handboek kopieer en plak nie, maar moet as't ware "hulle hande vuilmaak met die werk", dit verdiskonteer, die verstaan, begryp, weergee en toepas. Dis juis daar waar die leer (in hul moedertaal) kan plaasvind. Wanneer daardie ontknopings in hul moedertaal (as hul byvoorbeeld Afrikaans is) gebeur, vind leer en ontwikkeling plaas.
- 'n Engelse handboek sal beslis uitdagend wees vir 'n student wat nie betrokke is in sy/haar eie leerproses nie. Indien daardie Engelse bron gesien word as iets addisioneel tot leer en die student bloot poog om vertaalde "opsommings" te maak, kan ek ook sien dat dit 'n bepaalde probleem vir die student kan inhou. Dis daarom van kardinale belang dat die student voorbereid klas toe kom, sodat daardie ontknopings vir hom/haar in hul moedertaal kan plaasvind en die voordeel wat die Engelse handboek inhou, tot sy reg kan kom.